55/97

evdw/

Saaknommer : 301/96

**IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPèL VAN SUID-AFRIKA**

In die saak tussen:

**MARTHA FREDERICKA HANEKOM** **APPELLANT**

en

**PETER GEORGE GELDENHUYS** **RESPONDENT**

Hof: Van Heerden, Hefer, Howie, Olivier en Plewman ARR

Verhoordatum: 23 Mei 1997

Redes ingedien: 28 Mei 1997

---

UITSPRAAK

---

**OLIVIER AR**

Aan die einde van die verhoor van hierdie appél het hierdie Hof die volgende bevel gemaak:

1. Die appél slaag met koste.

2. Die bevel van die Hof *a quo* word tersyde gestel en met die volgende vervang:

Absolusie van die eiser se eis word toegestaan, met koste.

Hier volg die redes vir gemelde bevele.

Die appellante, 'n boerin, se plaas is geleë tussen Malmesbury en Paarl. Die hoofpad tussen hierdie twee dorpe loop deur haar plaas. In een van die kampe aangrensend aan die hoofpad het sy sewe jong Friesverse aangehou. Die kamp was van die pad afgespan met 'n draadheining bestaande uit horisontaal gespande

doringdrade. In die heining was dubbel yster-swaaihekke, wat toegemaak en verseker is met 'n stewige ketting en 'n ankerdraad. Die ketting is so ontwerp dat gleuwe in die twee endskakels teenoor mekaar gebring moes word om die ketting vas of los te maak. Die ketting kon slegs deur mensehande aldus gemanipuleer word. Geen dier kon die hekke oopmaak as die kettingpunte aanmekaar geheg was nie.

Laatmiddag van 19 Augustus 1993 het Appellante voor die hek van die kamp stilgehou om die verse te inspekteer. Sy het bemerk dat die hekke toe was en aan mekaar vasgemaak was met die ketting. Sy is daar weg met die hekke aldus toegemaak. Niemand gebruik die kamp behalwe die appellante nie.

Later daardie aand, teen ongeveer 23h00 was die Respondent die bestuurder van 'n motorvoertuig terwyl hy en twee vriende op

pad was vanaf Malmesbury na Paarl. 'n Botsing het plaasgevind tussen die voertuig en een of meer van appellante se Friesverse, wat hulle op die teerpad bevind het. Daar is gevind dat die genoemde hekke oop was en dat die verse toegang tot die pad deur die oop hekke gekry het. Die respondent is ernstig beseer.

In die aksie, ingestel in die destydse Kaapse Provinsiale Afdeling en waarin hy skadevergoeding en genoegdoening van appellante gevorder het, het hy sy skuldoorsaak op nalatigheid aan haar kant baseer deurdat sy versuim het om voorsorgmaatreëls te tref dat haar beeste op die pad kom. Dit het appellante ontken en in die alternatief beweer dat respondent bydraend nalatig was.

Na 'n verhoor wat slegs die meriete van die vordering betrek het, het Burger Wn R bevind en verklaar dat appellante en respondent beide nalatig was; dat haar nalatigheid 75% tot eiser se

skade bygedra het en sy bydraende nalatigheid 25% bygedra het. Appellante is gelas om die gedingskoste te betaal. Met verlof van die hof *a quo* het die appél voor hierdie Hof gedien.

Dit is gemene saak dat die hekke op die betrokke aand oopgemaak was deur mense en wel, waarskynlik, deur voornemende diewe. Die beeste is dan ook ongeveer een kilometer vêr aangejaag tot waar die botsing plaasgevind het.

Die enigste nalatigheidsgrond waarop die respondent in hierdie Hof gesteun het, was dat die appellante versuim het om 'n slot te gebruik om die ketting te sluit. Volgens hom sou so 'n slot diefstal verhoed het, aangesien dit onmoontlik of baie moeilik vir diewe sou gewees het om dan die hek oop te maak en die beeste uit te jaag.

Afgesien van alle ander verwere en selfs al sou

argumentsonthalwe aanvaar word dat die appellante diefstal van haar beeste moes voorsien het en voorsorg sou getref het deur die aanbring van 'n slot, moet die eis van die respondent misluk het weens gebrek aan bewys van kousale verband tussen haar versuim en die botsing.

Myns insiens volg dit nie as vanselfsprekend of as 'n waarskynlikheid dat die aanbring van 'n slot die uitjaag van die verse en die gevolglike botsing sou verhoed het nie. Eerstens is dit vry algemeen bekend dat slotte nie bestand is teen gedetermineerde diewe nie. Tweedens sou die aanbring van 'n slot aan die hek geen dief verhoed het om die drade van die heining af te knip om sodoende 'n opening te maak en die verse uit te jaag nie.

Die nodige kousale verband is dus nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys nie. Gevolglik is die bevele hierbo vermeld, gemaak.

PJJ OLIVIER AR

Stem saam :

Van Heerden AR
Hefer AR
Howie AR
Plewman AR